Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

# die Kerkblad

September 2018

’n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

## Bevry om vry te wees

## Moet nooit van God (probeer) weghardloop nie

**“Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie”**
**- Hebreërs 11:1**

www.gksa.org.za

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Prof. J Smit
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm elders in die uitgawe

Intekengeld word jaarliks aangepas. Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word. Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

**JAARGANG 120, NO. 3327 - September 2018**

# INHOUD

1 VAN DIE REDAKTEUR
Tien Boeddhiste, een Christen

4 UIT DIE WOORD
Bevry om vry te wees

6 REDAKSIONEEL
Die eindoordeel

8 BRANDPUNT
Moet nooit van God (probeer) weghardloop nie

FOKUS
10 Die Dordtse Leerreëls (5)
12 Gelowige nadenke oor geloofswaarhede (2)

ANDER
13 Ds. Sollie Vermaak 30 jaar in die bediening
14 Woorde in die Bybel – Eusebeia, sebomai, theosobeia
16 Boekbespreking: Ouderling – ampswerk met vreugde
17 Briewe van ons lesers
Namibiese GTV 2018

IN DANKBARE HERINNERING ...
18 Ds. JHS van der Walt
20 Ds. JJ de W Krüger

23 Op die Kerkwerf
30 Kleinadvertensies

**Teologiese Student MD Meijer (Dirk) (Potchefstroom)**

# Bevry om vry te wees

*Lees: Eksodus 19:16 – 20:21*
*Teks: Eksodus 20:2*

Die tien gebooie is waarskynlik een van die gedeeltes in die Bybel wat ons die meeste hoor. Met goeie rede! Elkeen wat in die HERE glo, sal graag gereeld na sy wet wil luister.

Dit is wel opmerklik dat die tien gebooie nie met die eerste gebod begin nie, maar met die woorde: *"Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het."*

Dié woorde is die inleiding tot die wet. Net soos 'n boek se inleiding vir ons verduidelik wat die outeur se doel met sy skrywe is, maak God deur sy inleiding tot die wet duidelik hoekom sy volk sy wet behoort te onderhou.

## "Ek is die HERE jou God …"

Die HERE begin sy wet deur eenvoudig te sê Wie Hy is: *"Ek is die HERE."* Israel, by die voet van die berg Sinai, het al baie goed geweet Wie die HERE is. Hy het hulle kort vantevore deur tien plae uit Egipte uitgelei en deur sy mag by die berg Sinai gebring. By Sinai kom die volk dan weereens onder die indruk van Wie die HERE is.

Nadat Israel hulleself vir drie dae gereed gemaak het vir die ontmoeting met God (Eks. 19:1-16), verskyn Hy op die derde dag op die top van die berg Sinai. Daar is donderweer en weerligstrale, wat wys op die HERE se heiligheid. Die geluid van 'n ramshoring word al harder en harder, wat

die koms van ’n magtige Koning aankondig. Die hele berg bewe. Nie eers die berg kan vas staan voor die HERE se teenwoordigheid nie. Die hele skepping gee uitdrukking aan God se magtige teenwoordigheid.

Soos wat die berg bewe, bewe die volk ook wanneer hulle met die HERE se teenwoordigheid gekonfronteer word. Heilige vrees en diep ontsag is sowaar die gepaste reaksie wat sondaars behoort te ervaar wanneer hulle voor God te staan kom. God is heilig, Hy duld geen onheiligheid voor Hom nie. Wie is ons, wat van nature onheilig is, om voor God te verskyn?

Tog het God nie vir Israel by Sinai gebring om hulle te oordeel nie, maar juis om sy verbond met hulle te bevestig. Soos wat God sy verbond al vantevore opgerig het met Abraham, Isak en Jakob, maak Hy dit nou weer met Israel vas: *“Ek is die HERE, jou God.”* God verbind Hom baie persoonlik aan Israel: jóú God. God, wat totaal verhewe en anders as ons is, maak Hom uit genade alleen aan sy volk bekend.

Voordat Israel na die wet kon luister, moes hulle eers opnuut onder die besef kom Wie die Gewer van die wet is. As ons besef dat die tien gebooie God se gebooie is, sal ons met ’n eerbiedige vrees, en nie ’n bang-wees vrees nie, na sy wet wil luister en dit onderhou (Eks. 20:20). Met ’n gelowige besef van God se heiligheid sal ons heilig lewe, soos wat Hy heilig is (Lev. 11:44; 1 Pet. 1:16).

**“… wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het”**

Nadat God duidelik gemaak het Wie Hy is, maak Hy dan vir Israel duidelik wie húlle is. 430 jaar lank was die Israeliete slawe in Egipte. God het hulle verlos – nie op grond van iets wat hulle in hulleself was of wat hulle vir God kon bied nie, maar op grond van sy genade alleen. God sonder ’n nietige slawevolk af om vir Hom ’n kosbare eiendom te wees (Eks. 10:3-6).

Voordat Israel na die wet kon luister, moes die volk dink aan dit wat God met hulle gedoen het. Hulle is nie meer dwangarbeiders nie, maar vrymense. Hulle is nie meer slawe in ’n slawehuis nie, maar kinders in die huis van die HERE, hulle God. Dit is hulle alleen op grond van God se magtige, genadige verlossingswerk.

Nadat God vir Israel bevry het, is die Israeliete egter nie eienaarloos nie. Inteendeel, die Israeliete kry ’n baie magtiger Eienaar as die Egiptenare: hulle is God se kosbare eiendom (Eks. 19:5). Slegs onder God se eienaarskap sal hulle ware vryheid kan beleef.

Die HERE gee sy wet aan Israel sodat hulle as vrymense sal lewe. Hulle hele lewe behoort daarvan te getuig dat hulle God se kosbare eiendom is. Hulle moet ervaar hoe heerlik dit is om binne die grens van God se gebooie ware vryheid te beleef.

Net so moet ons, elke keer wanneer ons die tien gebooie hoor, aan God en sy wet dink. Van nature is elkeen van ons slawe – slawe van ons eie sondige natuur. Uit onsself kan ons nie met sonde breek nie, en verdien daarom God se straf, die ewige dood (Ef. 2:1-3). Tog vernuwe God elkeen van sy uitverkore kinders se hele lewe op grond van sy genade alleen.

Hiervoor het Jesus Christus self die juk van ons sondes op Hom geneem, volkome gehoorsaam aan die wet gelewe, onskuldig vir ons sondes gesterwe, en daarna opgestaan en die dood oorwin. Deur Hom is ons nou vry om die HERE as ons Vader te ken en te dien.

Op grond van Wie God is en wat Hy gedoen het, behoort ons na sy wet te luister. Op grond daarvan kan ons dit met vreugde doen. Luister daarom met blydskap na die wet en wees, vol van blydskap, gehoorsaam daaraan. Beleef hoe heerlik ’n lewe van vryheid voor die aangesig van die HERE is. Psalm 119:27: *“Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag.”* DK

**Prof. IW Ferreira (Naas) (Teologiese Skool Potchefstroom)**

# Moet nooit van God (probeer) weghardloop nie




Tydens 'n klasbespreking van finalejaar teologiese studente het die volgende belangrike perspektiewe uit die boek van die profeet Jona na vore gekom. Dit bevestig 'n Bybelse boodskap waarvan ons as Christene ook vandag dringend moet kennis neem. *Moet nooit van God probeer weghardloop nie. God sal sorg dat sy opdrag uitgevoer word, al moet Hy sy profeet ook op 'n buitengewone wyse tot gehoorsaamheid bring.*

Dit het ons weer laat besin oor die *"teken van Jona"* waarvan Lukas 11:29-31 spreek. Wat moet ons hieruit leer vir vandag? Kom ons kyk wat leer hierdie profetiese boek ons oor die lewe van 'n geroepene wat probeer om vir God weg te hardloop.

**Dit is iemand wat nie God se hart vir verlorenes deel nie**

Die boek Jona gaan in die eerste plek nie oor die profeet Jona nie, maar oor God. Dit openbaar God se hart vir diegene wat verlore is. Nineve, sekerlik een van die "grootste stede" van daardie tyd, is nie net simbool van die mens se hoogste kulturele vaardigheid nie, maar ook die simbool van die mens se algehele geestelike verlorenheid. Hulle was nie net die vyande van die Joodse volk nie, maar ook vyande van God. Tog stuur God sy profeet na hierdie goddelose stad.

God se Woord maak mos God se hart duidelik in Johannes 3:16. Dit is die rede waarom God duidelik met die roeping van Abram reeds bevestig het dat God hom (en sy nageslag) sal gebruik om 'n seën te wees vir alle nasies (Gen. 12:3). Die volk Israel is juis deur God verlos en geroep om 'n lig vir die nasies te wees (Jes. 49:6).

Die hartseer boodskap van die boek Jona is dat Jona (die hele volk Israel) nie God se hart vir die verlorenes deel nie. God se genade is wel vir hulle persoonlik baie belangrik, maar nie vir die res van die verlore wêreld nie. Hoe hartseer dat God se uitverkore volk so 'n selfgerigte en selfsugtige fokus op sy genade het.

**Iemand wie se lewensfokus en rigting nie bepaal word deur God se roeping nie, maar sy eie selfgerigte oorlewing**

Jona is bereid om goeie boodskappe vir sy eie mense te bring (2 Kon. 14:23-25), maar hy slaan voet in die wind in die teenoorgestelde rigting as God hom na Nineve stuur. Hoe hartseer! Sy hele ingesteldheid (as profeet van God) is nie roepingsvervulling nie, maar persoonlike oorlewing. Sy agenda, sy beplanning en die uitvoering van sy beplanning word bepaal deur sy wegbeweeg van God se roeping. Dit gaan beslis nie oor God en God se wil vir sy lewe nie, maar sy eie selfgerigte prioriteite.

**Iemand wat onsensitief is vir God se beproewing wat hom wakker wil skud**

Die storm op see was só intens dat die ongelowiges besig was om baie ernstig te bid. Dit bring ongelowiges op hulle knieë om te smeek en te soek na hulp en uitkoms.

Wat doen die profeet van die ware God? Hy lê en slaap. Jona deel nie net nie God se hart nie, hy is ook onsensitief vir God se beproewing wat hom tot inkeer en getuienis wil bring. Hy wat al die antwoorde het, bly stil in die midde van diegene wat so naarstiglik na daardie antwoord soek. Heidene moet hom tot getuienis dwing.

Wat gebeur dan? Dan is Jona eerder bereid om oor te gee en (vir homself) te sterwe as om sy lewe op te offer in en vir God se roeping.

**Iemand wat uiteindelik God se bevel gehoorsaam, maar steeds nie God se hart verstaan en deel nie**

Teen sy eie wil in het Jona uiteindelik maar gedoen wat die Here van hom vereis het. Steeds was sy hart nie in sy roeping nie. Hy is ontsteld as Nineve wel tot bekering kom. Hy is kwaad vir God omdat God genade bewys het. Die hele episode met die rankplant en die wurm wys dat Jona meer begaan is oor sy eie lewensvoordele as oor verlore mense se sieleheil.

Die einde van die boek Jona laat ons dan ernstig worstel met die vraag: Wat is nou die teken van Jona (Luk. 11:29-31)? Is daar iets te leer uit die boek van die profeet Jona?

Hoe staan ons vandag teenoor die “verlorenheid” van ’n wêreld rondom ons? Is ons hartsgesindheid dieselfde as dié van Jona en die Jode in die Ou-Testamentiese tyd? Dieselfde gesindheid wat die oudste broer in die gelykenis van die verlore seun gehad het (Luk. 15:28)? Wat word sigbaar in ons kerklike agendas? Gaan kyk maar waaroor handel die vergaderings. Word ons agendas gefokus deur God se roeping om die evangelie aan die verlorenes onder alle nasies en tot by die einde van die aarde te bring, of sou dit eerder ’n selfgerigtheid en ’n selfsugtige fokus op eie oorlewing blootlê?

Ons lewe in stormagtige tye vandag. Is ons bewus van die wanhopige stemme wat rondom ons uitroep om geestelike antwoorde te kry, of sluimer God se geroepenes lomerig en onsensitief vir sy beproewinge wat ons tot getuienis wil wakker skud? Deel ons werklik in die hemelse vreugde oor die sondaars wat wel deur God se genade tot bekering kom, of hou ons maar aan om te kla oor die aardse ongerief wat ons persoonlik elke dag verduur?

Die teken van Jona? Diegene wat moet hoor, sal hoor en tot bekering kom, al is daar diegene wat kan en moet praat, maar nie wil nie en wat self onaangeraak bly nadat God alles laat gebeur het. Ek is baie hartseer oor Jona, want ek ontmoet hom om elke hoek en draai – ook in my eie spieël. God sal my gebruik, al wil ek dalk nie gebruik word nie en al raak dit waarvoor Hy my gebruik het, dalk nie my hart nie.

Hoe eindig die boek Jona? Miskien word die laaste hoofstuk nou deur die Heilige Gees in elkeen van ons se lewens beskrywe. DK

**Ds. HC van Rooy (Charl) (Randburg)**



Die Dordtse Leerreëls (5)

# Die uitverkiesing:
## 'n Loflied oor God se onweerstaanbare genade! (Hoofstuk 3/4:6-17)

**God se genade *én* die mens?**

Wie dit eenmaal op die pad waag om aan die mens en sy sogenaamde vrye wil 'n rol toe te ken in hulle redding, dwaal net verder van die evangelie af. Behalwe dat van die mens verwag word om self die eerste tree op die pad van sy/haar redding te gee (vgl. vorige artikel), beteken God se genade volgens die Remonstrante ook iets soos 'n "ligte aansporing" om mens tot bekering te bring (Verwerping van dwalinge – VD 3/4:7).

Volgens hulle bewerk God die wedergeboorte tot op 'n punt waar iemand self kan kies om die volgende stap te neem. Mens het dus (net) voorbereidende genade nodig om vir God en sy reddende werk te kies.

Die implikasie hiervan word soos volg verwoord in die VD 3/4:8: *As al die genadewerkinge wat God gebruik om die mens te bekeer, voltooi is, kan die mens nogtans God en die Heilige Gees, wat sy wedergeboorte beoog en hom weer gebore wil laat word, só weerstaan – en hy doen dit inderdaad ook dikwels – dat hy sy eie wedergeboorte geheel en al verhinder. Dit bly dus in sy eie mag om weer gebore te word of nie.*

God se genade kan mense dus, volgens hulle, weerstaan! In wese beteken dit dat sy genade nie in staat is om mense tot redding te bring soos wat dit in die uitverkiesing beloof word nie. Dit is weer 'n kwessie van God én mens as vennote op die reddingspad.

En ons weet waarheen hierdie pad lei … Vanuit sy dood-in-sonde-toestand slegs een koers – weg van God af!

**God se genade *in* die mens!**

Aan God die dank! Dit is nie hoe sy genade werk nie. In sy genadige alwysheid weet Hy dat geen mens self reg kan kies nie. *Daarom roep Hy almal deur die evangelie – in alle erns om na Hom toe te kom. In alle erns belowe Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, rus vir hulle siele en die ewige lewe* (DL 3/4:8).

Hier, by die roeping deur die evangelie, gebeur 'n wonderwerk in die mens deur die kragvolle werk van die Heilige Gees – 'n goddelike misterie. God werk in die mens as sy (vervalle) beeld … maar *hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte (werk) nie in hulle asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig* (DL 3/4:16).

Wanneer die Heilige Gees in ons werk, hanteer Hy ons nie soos marionette wat willoos (teen ons sin) heen en weer getrek word nie. Ook word ons nie soos helium-gevulde ballonne wat gaan waar die lugstrome (ons eie wil) ons heen voer nie. Innerlik – en onweerstaanbaar – verander Hy ons! *Terwyl sondige opstandigheid en verset dit vroeër volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoor-*

*saamheid aan die Gees nou die oorhand daaroor kry. Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil* (DL 3/4:16).

God neem, deur sy Heilige Gees, volledig verantwoordelikheid vir die redding van die mens, sodat die volle effek van Jesus Christus se versoeningswerk vir sy uitverkorenes waar word! Hy maak lewend; Hy skenk geloof en bring tot bekering; Hy spreek vry van sonde en bewerk selfs die heiligmaking in ons – alles op grond van sy uitverkiesende genade! Die Vader *trek* sy uitverkorenes na Jesus toe (Joh. 6:44) en dié woordjie impliseer dat daar geen geslaagde weerstand teen hierdie trek-aksie bestaan nie.

Só is die geloof (en redding) 'n gawe van God, nie omdat Hy dit aan die vrye wil van die mens aanbied nie, maar omdat dit inderdaad aan die mens geskenk word en vir hom ingegee en in hom ingestort word (DL 3/4:14).

**God se onweerstaanbare genade …?**

Is dit waar? Is sy genade werklik onweerstaanbaar? Weet ons nie van mense by wie dit gelyk het asof hulle hierdie kragtige genadewerking tog al gekeer het nie?

Die Remonstrante verwys graag na Stefanus se preek voor (teen) die Joodse Raad in Handelinge 7, en veral sy woorde in vers 51: *"Julle hardkoppiges! Julle is heidens in julle harte. Julle is doof vir die woord van God. Julle* ***weerstaan*** *altyd die Heilige Gees. Soos julle voorvaders gemaak het, maak julle ook."*

Nee, kyk goed. Hoe weerstaan hulle die Heilige Gees? Net omdat en deurdat *hulle doof is vir die Woord*. Wie nie wil luister na die evangelie waardeur God hulle roep nie, sny die wonderwerking van die Gees af (vgl. ook 1 Tess. 5:19-20). Op voetspoor hiervan verduidelik die DL 3/4:9 waarom baie mense wat deur die bediening van die evangelie geroep is, nie na Hom toe kom en hulle bekeer nie. Die fout lê nie in die evangelie of in Christus nie, ook nie in God nie. *Die skuld lê by die geroepenes self.*

Gomarus (sittend) en Arminius (staande) in dispuut enkele jare voor die Sinode van Dordt. (In: De synode van Dordrecht in 1618 en 1619 – W van't Spijker et al.)

Daar word verwys na Matteus 13:1-9, 18-23, die gelykenis van die saaier: *Sommige neem deur sorgeloosheid die Woord van die lewe nie aan nie. Ander neem dit wel aan, maar nie in die binneste van hulle hart nie, met die gevolg dat hulle ná 'n kortstondige blydskap van die tydelike geloof weer terugval. Ander weer, laat die saad van die Woord deur die dorings van die sorge en deur die welluste van die wêreld verstik en dra geen vrugte nie, soos ons Verlosser dit in die gelykenis van die saaier leer* (vgl. DL 3/4:15).

**God se genade is onweerstaanbaar!**

Dat ek en jy, gelowiges, deel gekry het aan hierdie genade, kom volledig uit sy vrye welbehae en onverdiende liefde. Dit moet ons met nederige en dankbare harte erken. Loof God vir sy onweerstaanbare genade!

Ten opsigte van dié wat (nog) nie hierdie genade ontvang het nie, moet ons die strengheid en regverdigheid van God se oordele eerbiedig (DL 3/4:7), vir hulle bid (DL 3/4:15) en steeds deur die heilige vermaning van die evangelie onder die bediening van die Woord bearbei (DL 3/4:17). DK

# Ons maak kennis met ...

## Ds. Franscois en Nicolene Pretorius

Franscois Pretorius is aan die begin van 2015 in die Geref. Kerk Phalaborwa bevestig as predikant. Franscois het voordat hy teologie studeer het, eers gaan werk en sy BSc-graad in rekenaarwetenskap deur Unisa verwerf, terwyl Nicolene haar graad in Beeldende Kuns behaal het. Hulle is nege jaar getroud en hulle hondekind, Nala, is deel van die gemeente.

Die Krugerwildtuin se Phalaborwa-hek is gerieflik naby vir gemeentekampe en -uitstappies na die wildtuin. Die wildtuin só op die voorstoep kan egter ook sorg vir groot konsternasie in die dorp as vierbeengediertes die rol wil omruil en die dorp wil verken – soos 'n seekoei, 'n familie vlakvarkies of iets dergeliks.

Vrydagoggende word 'n manne-Bybelstudiegroep baie getrou bygewoon en een van die bedrywighede wat die seuntjie in die man uitbring, is die kwartaallikse 4x4-roete langs die wildtuin af. Die vrouelidmate is baie bedrywig met fondsinsamelings, bak gereeld koekies en bied etes aan vir die aftreeoord in die dorp as deel van 'n gemeenskapsprojek. Die gemeente bestaan uit 166 belydende lidmate en werk lekker saam.

Vir 2018 word 'n wildsfees beplan, met heerlike potjies, wildswors en natuurlik patees en varsgebakte brood. Die gemeente kan met reg beskryf word as 'n passievolle en aktiewe gemeente wat hulle beywer vir die uitbreiding van die koninkryk van die Here.